# HOOFSTUK VIER

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 4.1 INLEIDING

In **Hoofstuk 4** van die studie word aandag gegee aan:

- 'n samevatting van die navorsing;
- die vernaamste bevindinge van die navorsingsondersoek en
- enkele aanbevelings wat vir die onderwyssituasie van waarde kan wees.

Vervolgens word 'n samevatting gegee van die gedokumenteerde navorsing.

### 4.2 SAMEVATTING

**Hoofstuk 1** handel eerstens oor die navorsingsprobleem.

As gevolg van die omvang van die studie, was hierdie navorsing slegs gerig op die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse en is daar gewys op die noodsaaklikheid van 'n empiriese studie om die literatuurstudie se aannames te verifieer. Verder is die navorsingsdoelwitte en navorsingsmetodologie gestel, asook die struktuur van die navorsingsverslag.

**Hoofstuk 2** handel oor die literatuurstudie wat die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse gedokumenteer het.

Dit is gedoen aan die hand van 'n begripsontleding, 'n ontleding van geslagsrolle en die invloed van geslagsroltipering, geslagsrolle soos vasgelê deur geslagsrolsosialisering, samelewingstereotipering, psigologiese verwagtinge, motivering en beroepsverwagting en rolkonflik. 'n Samevatting van die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse is gegee.

**Hoofstuk 3** handel oor die empiriese ondersoek.

Die navorsingsontwerp met inbegrip van die vraelys as meetinstrument, die konstruksie van die vraelys, die loodsondersoek, administratiewe prosedures, populasie en steekproefneming en statistiese tegniek is bespreek. Die interpretasie van die inligting het die tersaaklike gegewens van die studiepopulasie en die biografiese inligting behels. Die response op die biografiese vrae, bevorderingsprofiel en personeelprofiel, is ontleed.

'n Ontleding van die inligting ten opsigte van onderwyseresse se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse is gedoen.

Elke persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse is bespreek deur die hoogste en laagste uitvalle te ontleed. Verder is bepaal in watter mate die respondente die betrokke item as intrinsieke hindernis ervaar en in watter mate hierdie inligting met die literatuurstudie ooreenstem.

Voortspruitend uit die ontleding van bogenoemde inligting kan bevindinge vanuit 'n empiries verifieerbare navorsingsverslag gemaak word.

## 4.3 BEVINDINGE

### 4.3.1 BEVINDINGE MET BETREKKING TOT NAVORSINGSDOELWIT 1

Met betrekking tot navorsingsdoelwit 1 (vergelyk Doelwit 1, paragraaf 1.3), naamlik om deur middel van 'n **literatuurstudie** vas te stel wat die ***persepsies van intrinsieke bevorderingshindernisse*** is (vergelyk Hoofstuk 2), is die volgende bevind:

- Vroue is **onderverteenwoordig in onderwysbestuursposte** (vergelyk paragraaf 2.1, 2.2.4) as gevolg van kultuur-historiese denke oor vrou-spesifieke persoonseienskappe en wat die onderwyseres in haar beroepsituasie en bevorderingsverband tot nadeel strek (vergelyk paragraaf 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3);

- **Geslagsrolle** en **geslagsrolsosialisering** word beskou as sosiale ordeninge en verordeninge wat persepsies op psigiese vlak as geslagsroltipering vaslê (vergelyk paragraaf 2.3, 2.3.1, 2.3.7). Dit spruit uit die patriargale model wat neerslag vind in godsdienstige, politieke, ekonomiese en onderwyskundige strukture. Die vrou bevind haar binne vrou-tipiese beroepstrukture wat as individuele, intrinsieke en organisatoriese bevorderingshindernisse in onderwysbestuur dien (vergelyk paragraaf 2.4.5).

- **Samelewingstereotipering** strek die vrou in die onderwys tot nadeel. Dit vorm individue en samelewings se persepsies deur 'n verskeidenheid van intrinsieke faktore (vergelyk paragraaf 2.5, 2.5.1), naamlik klassifisering, karakterisering, ongetoetste wetmatighede, diskriminasie en uitsluiting uit bestuursposte wat hoofsaaklik die man bevoordeel (vergelyk paragraaf 2.5.1).

- **Psigologiese verwagtinge** stel die vrou se persoonlikheidseienskappe as negatief teenoor die positiewe eienskappe van die man. Die vrou is die versorger van kinders - haar eie en die leerders - en die man die bestuurder van sy huis en die skool (vergelyk paragraaf 2.7).

- **Motivering en beroepsverwagting** is 'n persepsie wat met die mens se wil en persoonlike gerigtheid te make het. Dit is ook 'n ekstrinsieke proses waarin andere verantwoordelik is vir 'n mens se motivering (vergelyk paragraaf 2.7, 2.7.1). In die grootste mate vind die onderwyseres vertikale beroepsbevrediging in die prestasies van haar leerders (vergelyk paragraaf 2.7.2.)

- **Rolkonflik** by die onderwyseres en haar persepsie (vergelyk paragraaf 2.8), spruit uit botsende persepsies van roleise binne gesins- en beroepsverband (vergelyk paragraaf 2.8.1) voort.

Vervolgens sal verslag gedoen word oor die bevindinge met betrekking tot die empiriese studie.

### 4.3.2 BEVINDINGE MET BETREKKING TOT NAVORSINGSDOELWIT 2

Navorsingsdoelwit 2, naamlik om deur middel van empiriese navorsingte bepaal wat die onderwyseres se persepsies oor **intrinsieke bevorderingshindernisse** is, is die bevindinge in Tabel 4.1 (*groot* tot *redelike mate*) en Tabel 4.2 (*geen* tot *geringe mate*) uiteengesit. 'n Verband tussen die literatuur- en empiriese navorsing word ook gegee.

#### *4.3.2.1 Intrinsieke bevorderingshindernisse wat in groot tot redelike mate ervaar word*

Bevindinge wat *groot* tot *redelike mate* as intrinsieke bevorderingshindernisse ervaar word, is soos wat die empiriese navorsing uitgewys het, in rangorde geplaas. 'n Korrelasie met die literatuurstudie is ook gedoen.

| Tabel 4.1 INTRINSIEKE BEVORDERINGSHINDERNISSE WAT IN GROOT TOT *REDELIKE MATE* ERVAAR WORD | | GROOT TOT *REDELIKE* MATE | KORRELASIE MET LITERATUUR | |
|---|---|---|---|---|
| *Nr* | *Onderwyseresse:* | | | |
| B45 | Die moreel van personeel belangrik ag | 3.74 | Ja | 3.3.5.1 |
| B5 | Hulleself identifiseer met 'n mensgerigte onderwysbestuurstyl | 3.47 | Ja | 3.3.5.1 |
| B51 | Oor ambisie beskik | 3.47 | Ja | 3.3.5.1 |
| B1 | Die onderwys as die ideale beroep vir die vrou beskou | 3.44 | Nee | 2.7.3 |
| B50 | Die onderwyseres se beroepsbevrediging in die suksesse van haar leerders lê | 3.40 | Ja | 3.3.5.1 |
| B28 | Die mening van kollegas in ag neem | 3.31 | Ja | 2.7.2 |
| B61 | Uitbranding as gevolg van die werkslading in die onderwys beleef | 3.30 | Ja | 3.3.5.3 |
| B60 | Stres as gevolg van die veelvoud van rolle wat hulle moet vertolk, beleef | 3.25 | Ja | 3.3.5.6 |
| B13 | Van mening is dat die staat 'n rol moet speel om bevorderingsposte vir onderwyseresse meer toeganklik te maak | 3.19 | Ja | 3.3.5.6 |
| B7 | Beleef het dat hul opvoeding as meisies 'n invloed op hul persoonlikheid uitgeoefen het | 3.06 | Ja | 3.3.5.1 |
| C1 | Hulleself as tweede inkomste-genereerders beskou | 3.03 | Ja | 3.3.5.1 |
| B57 | Dit al oorweeg het om die onderwys vir 'n ander beroep te verlaat | 3.02 | Ja | 3.3.5.3 |
| B55 | Vrees-vir-sukses as 'n menslike en nie slegs 'n vroulike eienskap nie, beskou | 2.92 | Ja | 3.3.5.6 |
| B17 | Deur 'n houdingsverandering in vroue hul posisie in bevorderingsposte kan verbeter | 2.88 | Ja | 3.3.5.5 |
| B15 | Meen dat mans en vroue rolle in die onderwys vertolk wat in ooreenstemming met hul geslag is | 2.85 | Ja | 3.3.5.2 |
| B12 | Meen dat mans vanselfsprekend as senior bestuurders en vroue as onderwyseresse beskou word | 2.82 | Ja | 3.3.5.1 |

Uit Tabel 4.1 blyk dat die onderwyseres grootliks:

- getrou aan haar aard, *mens*gerig, binne haar beroepsituasie is. Sy is in wese gerig op die welsyn van mense - kollegas en leerders;

- oor ambisie beskik, wat egter nie noodwendig op bevordering gerig is nie, maar eerder in die prestasies - haar eie en dié van haar leerders - op horisontale vlak verwesenlik word;

- aan beroepsdruk onderworpe is wat lei tot simptome van stres en uitbranding. Hierdie verskynsel sal waarskynlik as gevolg van die huidige situasie in die onderwys, in die toekoms 'n groter invloed uitoefen;

- glo dat die staat 'n groter rol in die normalisering van haar posisie in onderwysbestuur sal moet speel;

- wat haar persepsies oor haarself as vrou, eggenoot en beroepsvrou betref, asook haar persepsies oor die man, is dit duidelik dat geslagsrolsosialisering steeds 'n groot invloed op haar denke uitoefen.

#### *4.3.2.2 Intrinsieke bevorderingshindernisse wat in geen tot geringe mate ervaar word nie*

Met betrekking tot navorsingsdoelwit 2, naamlik om deur middel van 'n empiriese ondersoek die **onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse** te bepaal, is die bevindinge wat in *geringe* tot *geen mate* 'n rol speel nie, in Tabel 4.2 uiteengesit. 'n Korrelasie met die literatuurstudie is ook gedoen.

| Tabel 4.2<br>INTRINSIEKE BEVORDERINGSHINDERNISSE WAT IN *GEEN TOT GERINGE MATE* NIE ERVAAR WORD NIE | | GEEN TOT GERINGE MATE | KORRELASIE MET LITERATUUR | |
|---|---|---|---|---|
| *Nr* | *Onderwyseresse* | | | |
| B30 | Hulleself as die intellektuele mindere van die man beskou | 1.18 | Nee | 3.3.5.3 |
| B40 | Hulleself in hul beroepsituasie as passief, afhanklik en ontoereikend beskou | 1.35 | Nee | 3.3.5.4 |
| B39 | 'n Gebrek aan selfvertroue openbaar | 1.41 | Nee | 3.3.5.4 |
| B53 | 'n Gevoel van vrees-vir-sukses het wat daartoe lei dat onderwyseresse sukses vermy | 1.43 | Nee | 3.3.5.5 |
| C2 | 'n Doelbewuste keuse tussen 'n huwelik en 'n beroep gemaak het | 1.47 | Nee | 3.3.5.5 |
| B36 | Oor 'n lae selfbeeld beskik | 1.50 | Nee | 3.3.5.4 |
| D9 | Versigtig is vir die verwerping van mede-onderwyseresse indien hulle in bevorderingsposte aangestel word | 1.57 | Nee | 3.3.5.5 |
| B4 | Van mening is dat mans oor vanselfsprekende bestuursvaardighede beskik | 1.60 | Nee | 3.3.5.1 |
| D6 | 'n Gebrek aan selfvertroue het om leiding te neem | 1.61 | Nee | 3.3.5.4 |
| B8 | Die man se beroep, en dus ook sy bevordering, belangriker as die vrou s 'n ag | 1.62 | Nee | 3.3.5.1 |
| B54 | 'n Vrees koester vir die negatiewe gevolge wat suksesbereiking inhou | 1.63 | Nee | 3.3.5.5 |
| D7 | Ondervind dat hulle hulleself nie in professionele situasies kan laat geld nie | 1.63 | Nee | 3.3.5.4 |
| B20 | Oortuig is dat hul vroulikheid nie ooreenstem met die tipiese eise wat van 'n persoon in 'n bestuurspos verwag word nie | 1.67 | Nee | 3.3.5.2 |
| D10 | Indiensopleiding ontvang het om die vaardighede van bestuur te bemeester | 1.71 | Ja | 3.3.5.6 |
| D8 | Geleer is om mag oor kollegas uit te oefen | 1.72 | Ja | 3.3.5.4 |

| Tabel 4.2<br>INTRINSIEKE BEVORDERINGSHINDERNISSE WAT IN *GEEN* TOT *GERINGE MATE* NIE ERVAAR WORD NIE | | GEEN TOT GERINGE MATE | KORRELASIE MET LITERATUUR | |
|---|---|---|---|---|
| *Nr* | *Onderwyseresse* | | | |
| B32 | Nie geregtig is op bevordering nie omdat hulle nie beskou word as ekonomies selfstandige individue nie | 1.73 | Nee | 3.3.5.3 |
| D5 | 'n Gebrek aan selfvertroue het om aansoek om bevorderingsposte te doen | 1.74 | Nee | 3.3.5.4 |
| B23 | Ondervind dat hulle slegs binne die grense wat hul geslag stel, behoort op te tree | 1.88 | Nee | 3.3.5.2 |
| B44 | Dit gerieflik vind dat mans die leiding neem | 1.96 | Nee | 3.3.5.4 |
| B37 | Aggressie as 'n manlike persoonseienskap beskou | 1.96 | Ja | 3.3.5.4 |
| B3 | Op grond van hul geslag nie op dieselfde bevorderingsregte en -voorregte as die man aanspraak mag maak nie | 1.97 | Nee | 3.3.5.1 |
| B47 | As gevolg van 'n gebrek aan motivering gerig is om nie aansoek om 'n bevorderingspos te doen nie | 2.00 | Nee | 3.3.5.5 |

Uit Tabel 4.2 blyk dat die onderwyseres geensins:

- psigologiese verwagtinge as intrinsieke bevorderingshindernis koester nie. Psigologiese persepsies soos vroue dit ervaar, dui op 'n positiewe ingesteldheid teenoor haarself as vrou, haar professionaliteit, haar selfvertroue en haar reg op bevordering;

- indiensopleiding om haar voor te berei vir 'n onderwysbestuurspos, ontvang het nie;

### *4.3.2.3 Bevindinge met betrekking tot die onderwyseres se persepsies van intrinsieke bevorderingshindernisse*

- **Geslagsrolle en die invloed van geslagsroltipering**

Die vrou beskou die invloed van geslagsrolle en geslagsroltipering as 'n wesenlike intrinsieke bevorderingshindernis. Haar mensgerigtheid bring haar in stryd met die aanvaarde vereistes van die manlike bestuurswêreld. Hierdie natuurlike gerigtheid lei tot mindere of getemperde belangstelling in 'n loopbaan in onderwysbestuur.

- **Geslagsrolsosialisering**

Dit blyk dat in onderwysbestuursverband, spesifiek die onderverteenwoordiging van vroue, geslagsrolsosialisering nie as 'n wesenlike intrinsieke bevorderingshindernis beleef word nie. Hierdie veranderde situasie kan gewyt word aan die regeringsverandering vanaf 1994. Die vrou self het egter ook, wat haar plek in die samelewing betref, 'n paradigmaskuif gemaak.

- **Samelewingstereotipering**

Wat samelewingstereotipering betref, blyk dieselfde tendens as by geslagsrolsosialisering. Die invloed van samelewingstereotipering het grootliks afgeneem en beïnvloed die vrou nie meer in dieselfde mate as wat die geval in die verlede was nie. Onderwyseresse ervaar hulleself geensins as die intellektuele mindere van die man nie. Dit blyk die sterkste vorm van verwerping van hierdie persepsie van intrinsieke bevorderingshindernis te wees en dien dus geensins as 'n rede waarom die vrou onderverteenwoordig is in onderwysbestuursposte nie.

- **Psigologiese verwagtinge**

  Dit het uit hierdie studie geblyk dat psigologiese verwagtinge geensins as intrinsieke bevorderingshindernis en as verklaring vir die vrou se onderverteenwoordiging in onderwysbestuursposte beskou word nie.

- **Motivering en beroepsverwagting**

  Die vrou in die onderwys is gemotiveerd en koester bepaalde beroepsverwagtinge. Hierdie verwagtinge hou egter nie noodwendig vertikale bevordering in nie. Dit is eerder gerig op die verwesenliking van horisontale beroepsvervulling. 'n Verklaring kan lê in 'n realisitiese beskouing van mindere bevorderingsgeleenthede en die rekening hou met die realiteit van haar spesifieke omstandighede.

  Motivering en beroepsverwagting kan geensins beskou word as verklaring waarom vroue onderverteenwoordig is in onderwysbestuursposte nie.

- **Rolkonflik**

  Onderwyseresse ervaar steeds rolkonflik as intrinsieke bevorderingshindernis. Die vrou word steeds beskou as die persoon wat vir die huishoudelike en versorgende pligte verantwoordelik is. Hierdie werklikheid is dus 'n verklaring vir haar onderverteenwoordiging in onderwysbestuursposte.

Hierdie navorsing word afgesluit met enkele aanbevelings.

## 4.4 AANBEVELINGS

### 4.4.1 AANBEVELING 1:

In die lig van die groot klem wat op die terrein van menseregte as sodanig geplaas word, met as kernbegrippe *gelykheid* en *nie-diskriminasie,* behoort minder klem op geslagsrolverskille en -ongelykhede wat in persepsies neerslag vind, in die onderwys in die algemeen en in onderwysbestuursverband in besonder, gelê te word.

**Motivering:**

Geslag en ander sosialiseringsmeganismes soos ras en etnisiteit is in 'n proses om vervang te word. 'n Meer egalitêre en neutrale klassifikasie van die *mens* as individu, dus 'n oorgaan in sosiale geregtigheid en gelykheid van mense behoort nagestreef te word.

Verskeidenheid en diversiteit sluit nie die eenheid en gelykheid van *mens*wees uit nie.

### 4.4.2 AANBEVELING 2:

Die term onderwyseres moet vervang word deur 'n geslaglose term.

Op amptelike en nie-amptelike onderwysvlak behoort die term wat verwys na 'n mens wat onderrig, naamlik *opvoeder,* baie sterker uitgebou te word. Waar dit noodsaaklik is om na 'n opvoeder se geslag te verwys, kan daar na analogie van Engels se "male/female teacher", gebruik gemaak word van die term *vroulike/manlike opvoeder.*

**Motivering:**

*Mense* is geregtig op gelyke behandeling en gelyke geleenthede op grond van hul basiese Godgeskapenheid as *mense* na Sy Beeld. Geslagtelikheid is deur God aan ons gegee, maar nie tot struikeling of hindernis in die weg na volwaardige *mens*wees, ook beroeps*mens*, nie.

### 4.4.3 AANBEVELING 3:

'n Ondersoek na ekstrinsieke bevorderingshindernisse behoort ingestel te word om te bepaal in watter mate dit 'n rol speel by die onderverteenwoordiging van die onderwyseres in bevorderingsposte.

**Motivering:**

Die onderwyseres wat belangstel in bevordering, moet dan deur middel van 'n bestuursontwikkelingsplan bemagtig word om intrinsieke en ekstrinsieke bevorderingshindernisse te oorkom en sodoende 'n positiewe rol tot voordeel van die leerders en die onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika te speel.

Die navorsingsresultate dui op 'n verskuiwing in die persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse wat wesenlik van die literatuurstudie verskil. Dit is dus van belang dat die onderwyseres in die eerste plek haarself ontwikkel. Tweedens sal die geleentheid tot ontwikkeling deur die skool, die onderwysdepartement en die staat geskep moet word.

## 4.5 SLOTOPMERKING

Wat duidelik uit die navorsingsresultate blyk, is dat daar inderdaad in redelike mate 'n verskuiwing in die onderwyseres se persepsie van haar onderverteenwoordiging in onderwybestuursposte en as intrinsieke bevorderingshindernisse plaasgevind het. Hierdie verskuiwing kan waarskynlik toegeskryf word aan die ANC-regering wat vanaf 1994 'n veranderende houding teenoor die vrou in die algemeen en die beroepsvrou in die besonder ingeneem het.

Genoemde verskuiwing in persepsies behoort tot die voordeel van die vrou in die onderwys benut te word. Ontwikkelingsgeleenthede moet deur die vrou aangegryp word. Sodoende sal sy haar ontworstel aan die tydperk van geslagsdiskriminasie soos dit steeds in groot mate in die onderwys voorkom.